
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie. Joh. 14:27

Spreuke 15:13: 'n Vrolike hart maak die aangesig bly, maar by verdriet van die hart is die gees neerslagtig.

Spreuke 17:22: 'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae hart laat die gebeente uitdroog.

Daar is lankal vasgestel dat baie fisiese kwale o.a. hartaanvalle en maagsere aangemoedig word deur vrees en bekommernis. Aan die ander kant sê die Woord vir ons dat 'n vrolike hart genesing bevorder, maar 'n verslae gees laat die bene uitdroog. Die bloed word in die murg van die been vervaardig. 'n Gebroke, vreesagtige gees is seker verantwoordelik vir meer terminale siektes as enige ander oorsaak.

Spreuke 29:25: Die vrees vir die mens span 'n strik; maar hy wat op die Here vertrou, sal beskut word. Job. 3:25: As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my, en die ding waaroor ek bang is, kom na my toe.

Vrees vir die mens, of dit nou jou werkgewer is, jou man of jou vrou, mededinging in die skool of werk, sal altyd 'n strik bring. Kyk maar na Job: dit wat hy gevrees het, het gemanifesteer. Jy sien, vrees is 'n onreine gees, en wanneer jy hom toelaat in jou gemoed, dan neem hy geleidelik jou hele dinkpatroon oor. Later sien, hoor en praat jy net vrees want jy is sò vol daarvan, en wat die hart van vol is loop die mond van oor. Dis op dieselfde patroon as wat weersin of verwerping werk – die persoon wat die demoon van verwerping in sy gedagtes toelaat is later in sò 'n toestand dat hy GLO niemand het hom lief nie, alle omstandighede werk net om hom af te takel en dat hy 'n mislukking is. Daarom is dit sò belangrik dat ook in die geval van VREES die persoon sal besef dat hy te doen het met 'n demoon, 'n onreine gees en hy moet aggressief raak teenoor hom!

Dink sò aan die situasie: as 'n dief daar by jou voordeur inkom en hy sê hy kom jou meubels vat, sal jy hom maar gelate toelaat? Sekerlik nie! Jy sal vir hom baie duidelik laat verstaan dat dit jou wettige besitting is, dat hy nie eers die reg het om in jou huis te wees nie, en dat hy onmiddellik moet padgee. En jy gaan dit beslis nie fluister – fluister doen nie, maar op 'n kwaai, besliste wyse!

Nou ja, Jesus het gesê: **Vrede laat Ek julle na, my vrede gee Ek aan julle ... Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie (Joh. 14:27).** In Jesus is vrede en vreesloosheid ons besitting – kosbare besitting! As die dief, Satan volgens Joh. 10:10 dan nou kom om hierdie besitting van ons te steel sodat dit vervang word met vrees, MOET ONS AGGRESSIEF RAAK! Ons moet

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Laat julle hart…. …)

daardie bose gees van vrees glad nie toelaat nie!

Daar is die baie beskrywende vergelyking van die rondloper hond wat by jou agterhek sal insluip en by jou honde se kosbakke sal kom vreet, en alles opvreet as jy hom nie verjaag nie. Dit sal ook nie help om vir hom te fluister nie, maar jy moet hard praat! Doen dieselfde met Satan wat sal moet vlug as jy hom weerstaan, volgens Jakobus 4:7.

In 1 Pet. 5:8 sê God dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu om te soek wie hy kan verslind – hy verslind nie almal nie, want hy kan nie, maar hy soek die een wat hom sal toelaat, hom sal plek gee! **Gee aan die duiwel geen plek nie (Ef. 4:27). Rigters 7:3: Die wat bang is en bewe, kan teruggaan en wegdraai van die gebergte van Gilead af.**

Hier is die verhaal van hoe driehonderd Israeliete onder leiding van Gideon die Mideaniete verdryf het. Daar was oorspronklik twee-en-dertig duisend Israeliete, maar God het Gideon wysheid gegee om te weet dat vrees ontsettende negatiewe krag het. Hy sou dus baie meer kon uitrig met 'n handvol vreeslose as met duisende vol vrees. VREES BRING MISLUKKING!

Kom ons kyk na nog 'n paar tekste waar die Bybel van vrees praat.

Jes. 37:6 en 7: So spreek die Here: Vrees nie vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die dienaars van die koning van Asirië My gelaster het nie. Kyk, Ek sal 'n gees in hom gee... en Ek sal hom in sy land deur die swaard laat val.

Jer. 1:8: Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek die Here.

Ex. 14:13: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die Here…

Ps. 91:5: Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie.

Deut. 20:1 en 3: As jy na die oorlog uittrek teen jou vyand moet jy vir hulle nie vrees nie, want die Here jou God is met jou.

2 Kron. 20:15: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God.

Uit hierdie Skrifgedeeltes is dit baie duidelik dat God Sy Volk baie duidelik laat verstaan dat hulle NIE REDE TOT VREES HET NIE, want hulle God is met hulle, en in die Nuwe Testament sê **Rom. 8:31: As God vir my is, wie kan teen my wees?**

Vrees bring altyd dit wat jy vrees voort. As jy vrees vir kanker omdat jou vader en jou grootvader kanker gehad het, gaan daardie vrees kanker voortbring! (Job. 3:25) Vrees mislukking en jy sal dit kry! Vrees veroorsaak dat jy altyd die slegte verwag – terugslae verwag. Vrees maak van jou 'n finansiële wrak en jy hou liewer vas aan jou geld sonder om in die eerste plek aan God Sy regmatige deel te gee, uit VREES dat jy dalk eendag sal te kort skiet. Vrees bring senuwee-ineenstortings, slaaploosheid, gebondenheid in jou gebedslewe en in jou getuienis. Verslaenheid, terneergedruktheid en vernietiging is die gevolge van vrees.

OORWINNING OOR VREES

Halleluja – daar is oorwinning en bevryding uit die vangnet van vrees! Soos ek vroeër verduidelik het: JESUS CHRISTUS HET AAN DIE KRUIS OP GOLGOTA DIE VOLLE PRYS BETAAL SODAT JY, VANDAG, VRY KAN WEES VAN ENIGE BINDINGE WAT SATAN OP JOU WIL PLAAS, EN DIT SLUIT VREES IN!

Sommige mense dink 'n bietjie vrees is gesond – dis 'n leuen! Daar is nie so iets soos gesonde vrees nie! God se Weg en Satan se weg kan nooit gekombineer word nie. Daar is net EEN WEG, een wyse van optree, een stel wette: God se Weg en God se Woord!

Geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, en 'n bewys van die dinge wat ons nog nie gesien het met ons fisiese oë nie (Heb. 11:1). Geloof is eenvoudig om te glo dat God sal doen wat Hy belowe in Sy Woord, en as ons Hom volkome vertrou dat Hy Sy Woord sal volbring, dan sal dit gebeur. Hoe werk geloof? **Geloof is uit**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Laat julle hart…)

die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God (Rom. 10:17). Geloof word dus ontwikkel deur God se Woord te bestudeer en daarvolgens op te tree. Hierdie Woord produseer geloof, liefde, genesing, voorspoed, wysheid – 'n gesonde gees, siel en liggaam. Die Woord bring lewe.

Geloof volg op die hoor van die Woord van God. Vrees volg op die hoor van die woord van die wêreld – Satan se leuens. Geloof word ontwikkel deur God se Woord te oordink. Vrees word ontwikkel deur Satan se leuens te oordink en dan daarop te reageer. Die ergste ding wat jy kan doen is om op vrees te reageer. In Matt. 14 sien ons 'n pragtige voorbeeld van geloof teenoor vrees . Die dissipels was in 'n boot en Jesus het na hulle toe aangeloop gekom op die water. Petrus sê toe: "**Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom".**

Jesus sê toe: "**Kom!"** Petrus het uit die boot geklim en na Jesus toe begin loop. **Vers 30: Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword, en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!**

Wat het veroorsaak dat Petrus gesink het? Hy het die sterk wind gesien, en gevrees! Petrus het op 'n bonatuurlike wyse op die water geloop. Hy het op die Woord van Jesus geloop! Die krag wat Petrus op die water gehou het was sy geloof in Jesus se Woord: "**Kom**!" Maar toe die vrees kom, het dit oorgeneem en hom oorheers en laat misluk. As hy dit bestraf het, sou dit verdwyn het maar hy het vleeslik gereageer.

Geloof word vrygestel deur van die dinge wat onsienlik is te praat asof hulle reeds bestaan (Rom. 4:7). Vrees word op dieselfde manier vrygestel. Gebruik daarom die Woord van die geloof en gebruik dit as jou swaard en weerstaan Satan om elke draai. Hou jou skild van die geloof hoog en blus Satan se vurige pyle uit wat hy op jou afskiet (Ef. 6:16).

Meet die geloof in jou hart aan die woorde van jou mond. Jou gees is of gevul met geloof, of met vrees – gevul met liefde of haat. Watter taal praat jy?

"Ek is bevrees ek sal dit nie kan doen nie."

"Ek is bevrees nie."

"Ek is bevrees dis waar."

"Ek is doodbang."

"Moenie sonder jou trui loop nie – ek is bang jy word dalk siek."

Ja dit is nou maar spreektaal en ons dink nie eers wat ons sê nie! Ons praat maar so om ons kinders te waarsku. Nee wat, gee jou kind inligting oor 'n gevaarlike saak, en hy sal dit eerder reg hanteer as wat jy vrees by hom inboesem. Leer hom hoe temperatuur veranderinge sy liggaam affekteer – nie vrees vir 'n verkoue nie! Leer hom aangaande motors, dan sal hy self versigtig wees in die straat – nie omdat hy bang is nie, maar omdat hy kennis dra.

Jes. 54:14: Deur geregtigheid sal jy bevestig word, wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie, en ver van verskrikking, want dit sal nie by jou kom nie.

Ons het gesê geloof is die teenmiddel vir vrees en geloof word opgebou deur die Woord van God (Rom. 10:17) daarom moet ons terug na die Woord. DEUR TYD MET GOD SE WOORD DEUR TE BRING SAL JY JOU DINKPATROON HERPROGRAMMEER VAN VREES NA GELOOF, VAN DOOD NA LEWE.

Ps. 118:6: Die Here is vir my: ek sal nie vrees nie. EK SAL is 'n baie sterk uitdrukking. Nou besef jy die Here is aan jou kant en jy sal nie vrees nie. Vrees het nie 'n kans in jou lewe nie!

Jes. 43:1 en 2: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos, Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou.

Die woorde VREES NIE, verskyn meer as sestig keer in die Bybel. As God iets beveel, dan gee Hy ook altyd die krag en die vermoë om dit te kan uitvoer.

Nou lê die keuse by jou: jy hoef nie vrees te kies nie, maar jy kan. Jy hoef nie geloof te kies nie, maar jy kan!

Kyk nou weer wat God jou al in net hierdie drie tekste belowe het: (Jes. 54:14, Ps. 118:6 en Jes. 43:1 en 2). Hy het jou bevestig in geregtigheid want jy hoef nie te vrees nie! Verskrikking sal nie naby jou kom nie! Die Here is met jou! Hy het jou verlos! GOD SE

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Laat julle hart...)

WOORD BELOWE DIT! As 'n kind van die Here, kan jy 'n lewe vry van vrees lei, alhoewel jy gedurig waak teen Satan se strik van vrees. Dit moet 'n lewens wyse word.

Onthou, ons het reeds gesien dat Satan nie kan skep nie, maar dit wat bestaan, kan bederf. Vrees vir siekte is 'n bedorwe weergawe van **Pet. 2:24: Deur wie (Jesus) se wonde julle genees is.** Vrees vir armoede is 'n bedorwe weergawe van **Filip. 4:19: God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.** Jy kan dus met sekerheid weet dat enige vrees wat Satan in jou gemoed plaas, 'n bedorwe weergawe is van 'n belofte wat God aan Sy kinders gee in Sy Woord, al weet jy nie eers presies waar dit staan nie. Maar nou is dit belangrik dat jy die Woord sal gaan lees en bestudeer en die tekste leer ken want deur Sy Woord word jy 'n deelgenoot van Sy Goddelike Natuur en kan jy bokant die korrupsie (siekte, sonde, demone, armoede, vrees) van hierdie wêreld leef.

Laat ons 'n praktiese situasie neem. Jou dogter is saam met 'n groep maats see toe (jou seun is laat uit met die motor, jou ou moeder woon alleen in 'n woonstel in 'n gevaarlike buurt). Satan val jou aan en maak jou wys dat jou dogter gaan verdrink, (Jou seun gaan verongeluk, jou ou moeder gaan aangerand word) MOET NOU NIE OOR HIERDIE SAAK TOB NIE! Weier botweg om te vrees, en sê dit hardop vir Satan. Sê hardop met jou mond dat God gesê het Hy sal jou nooit begewe of verlaat nie – glo jy dit? Wie kan meer en beter vir jou of jou geliefde iets doen as die Heilige Gees? Vertrou jy Hom volkome?

Sluit jou oë en sien met jou geestesoog jou dogter by die strand (jou seun in die motor, jou moeder met haar hekelwerkies). Bid hardop met jou mond: *Hemelse Vader, baie dankie dat U my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. Op hierdie oomblik wil ek net vir U sê dat ek U VOLKOME vertrou vir die versorging van Sarie, en ek LOS haar nou by U; en maak haar vry van die vreesbande waarmee ek haar gebind het. In Jesus se Naam.*

Sien nou met jou geestesoog hoe jy 'n skêr neem en haar los knip van jou af en hou dop hoe Jesus Sy arms om haar sit en haar beskerm en bewaar. Kan jy haar enigsins beter bewaar – nooit! Sy is nou in die HEEL BESTE HANDE. Los haar nou daar, en weier net enige verdere gedagtes van bekommernis oor haar. Onderwerp jouself dan aan God (en Sy Woord); weerstaan Satan en sy vrees en hy SAL van jou af vlug! (Jak. 4:7) ●

The Power of Prayer

One of the most important things God explains to us in His Word is how to communicate with Him. There is only one way to communicate with Him: through prayer.

JAMES 4:2-3 Ye lust, and have not: ye kill and desire to have, and cannot obtain: ye fight and war, yet ye have not, because ye ask not. Ye ask, and receive not, because ye ask amiss, that ye may consume it upon your lusts.

Here the Lord tells us that we don't receive because we ask amiss. For 45 years I was one of the thousands who never received from God, BECAUSE I PRAYED AMISS!

Tradition taught me to call on the Name of the Lord and then to blame Him for all my problems.

"Lord, why did you let this sickness come upon me? Please help me to carry my cross. I don't understand why, but I know you gave me this financial crisis to teach me something" then I listed all my needs, and closed off by saying "If it is Your will, heal me and give me the things I asked for". The next day when my prayers weren't answered I would just repeat the same kind of prayer:

"all my complaints against God the Father"

"if it is your will, please give me what I asked for"

Never did I realise that this repetitive process was just what Jesus warned us about, comparing this to the prayers of the heathen.

MATT 6:7 But when ye pray, use not vain repetitions, as the heathen do: for they think that they shall be heard for their much speaking.

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - The Power of Prayer)

Only when we pray according to His Word will our prayers be answered. We'll see how to receive what God, in His covenant, purposed for His children. They who receive Jesus Christ as their personal Saviour and Lord are no longer slaves or servants, but Children of God.

But to as many as received Him, to them gave He power to become the sons of God, even to them that believe on His name. (John 1:12).

He left His children an inheritance through Jesus Christ who suffered that cruel death on the cross of Calvary so that we could receive the promises of God.

The Bible is also very clear about **WHO** is to blame for man's miseries.

JOHN 10:10 The thief cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: I am come that they might have life, and that they might have it more abundantly.

Acts 10:38 How God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Ghost and with power: who went about doing good, and healing all that were oppressed of the devil; for God was with Him.

Luke 13:16 And ought not this woman, being a daughter of Abraham, whom Satan hath bound, lo, these eighteen years, be loosed from this bond on the sabbath day?

Job 2:7 So went Satan forth from the presence of the Lord, and smote Job with sore boils from the sole of his foot unto his crown.

It is **Satan** who is responsible - and yet we so readily we want to blame God.

We find the same happening in the book of Job, the oldest book in the Bible. In the first two, and again in the last five chapters God speaks. The remaining 35 chapters are what "Job's comforters" say and their opinion of God. In the 39th chapter of Job, God rebukes these "religious" men for their lies regarding what they had to say about God: they blamed God for all Job's suffering. e.g. "the Lord has given, and the Lord has taken", yet we know that it was "God who gave and Satan who took!" (read our book: "The Christian and Job"). Man has not changed! He never listens to what God has to say, but pays attention to man and receives a warped image of God.

We read in **1 John 5:14-15: And this is the confidence that we have in Him, that, if we ask anything according to His will, He heareth us: And if we know that He hear us, whatsoever we ask, we know that we have the petitions that we desired of Him.**

God says that we can have this confidence in Him, that if we pray according to His will, He will answer our prayers! NOTE: not, **if** it is His will, but **according** to His will. Where do we find the will of God? In His Word: **HIS WORD IS HIS WILL.**

His Word tells us to pray for each other to be healed (James 5:16) THIS IS THE WILL OF GOD.

His Word says the believer shall lay his hands on the sick and they shall recover (Mark 16) It is God's will to heal you, that is why you can pray for healing **according to His will** and instructions.

If you pray "if it is your will", you don't believe what God has said and instructed us to do.

In John 14-15 and 16 Jesus said 7 times we can ask anything in His Name and He will do it for us, or ask in His Name and His Father will do it for us. The will of God is made clear in the Word of God. We can't ask anything contrary to the Word of God, that would be AGAINST HIS WILL. You can't ask God for the possessions of another because the Bible says coveting or stealing someone else's belongings is sin.

He carries on to say that if we know that He hears us we can have confidence. THIS IS DYNAMITE. God cannot lie (Titus 1:2) So the first key to answered prayer we see in the Word is that we need to pray according to His will.

Find the will of God for your circumstances before you ask. If you pray according to His will, you can be assured your prayer is heard. God places the responsibility upon us, to find out what His will is pertaining to our need before we pray.

Of course there will be circumstances in all our lives where we won't know what the will of God is. For example when we plan our outreach services we pray: "Lord, if it is your will we will have service in Pretoria." Nowhere in the Bible does it mention whether or not we should have a service in Pretoria on such and such a date, but the Word does instruct us to go out and preach the Gospel to the entire world and heal the sick: (Mark 16:15-18)

I don't always know where and when, but we trust Him and know He will guide us to where we should go, as we commit the request to Him in prayer.

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - The Power of Prayer….)

When His disciples came to Jesus they asked, Lord, teach us to pray (Luke 11:1) He answered their request in great detail ,in other words, God Himself taught man how to pray, much against the way tradition now teaches us.

Earlier on we mentioned how we were taught to ask God for the same thing over and over, and then blame Him when our prayers weren't answered. God is not deaf.

But then the Word tells us to pray without ceasing – 1Thess. 5:17-18 (Pray regularly – Jewish NT) To me this scripture says we need to pray daily and pray with thanksgiving and grateful hearts. Not with moans and accusations against God for what He didn't cause in the first place.

Ps. 22 says God inhabits the praises of His people. He dwells in our midst when we praise and thank Him. Wouldn't the opposite also be true? God avoids the complaints of His people?!

Now we can't be foolish and thank God for sickness and hard times! Because it is the devil who steals, kills and destroys. Not God. In the 10 COMMANDMENTS God instructs us not to steal, kill and lie etc., why do we think God would break His own commandments when the Word stipulates that GOD ELEVATED HIS WORD (COMMANDMENTS) ABOVE HIS NAME (Psalm 138:2)

What chance do we have of God answering our prayer if we start off by accusing Him of murder and theft, baring false witness against Him e.g. "Oh God, why did you take the life of my best friend?" or, "Oh God, why did you take all my possessions that I had acquired through such hard work and suffering?" Remember, it is the thief Satan who kills, steals and destroys! **Jesus said, "I came that you might have life and have it more abundantly." John 10:10**

However notwithstanding sickness and problems, thank and praise Him daily without ceasing, for all the **good things** that come from Him, and you'll experience His presence and blessings. **James 1:17 Every good, and every perfect gift is from above, and cometh down from the Father of lights, with whom is no variables, neither shadow of turning.** (He cannot change)

Pray according to His will, believing He has heard you and will answer your prayer. Trust Him for the answer and thank Him in anticipation for the blessings that will manifest in your life.●



UIT DR JAMES SE KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Jesus het vir ons gesê: **"Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" Joh. 16:33.**

Elke dag is ons nader aan die koms van ons Hemelse Bruidegom wat ons kom haal en neem na die Bruilofsfees van die Lam, ons raak bewus van die toenemende chaos wat ons omring in die wêreld. Wetteloosheid vier hoogty en korrupsie is algemeen. Vandag is daar 'n paniekerige vrees rondom ons en as jy nie versigtig is nie, gaan jy daarin vasgevang word. Dit is een ding om gevaar te herken, maar God wil nie hê dat jy daardeur oorweldig moet word nie.

Jy moet dus monitor waarna jy luister, dink en sê. Die dissipels het 'n rots nodig gehad om op te staan in die aankomende storm. Jesus het hulle net vertel hoe sleg dinge in die wêreld sou raak en die hoeveelheid wat hulle sou ly. Hy het aangekondig dat Hy weggaan en vir hulle gesê dat Hy die Heilige Gees sou stuur om by hulle te wees. Johannes hoofstuk 16 eindig met hierdie woorde: **"Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld**

(Vervolg op Bl. 7)

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, Rek. No 53730091667, Tal Kode: 220129, Stanger.

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Uit Dr James)

oorwin." Maak nie saak wat die situasie is, Jesus is bokant dit. Maak nie saak watter beproewing jy in die gesig staar, Jesus sal jou daardeur bring, Hy sal jou beskerm. Alhoewel jy deur vrees en vreesbevanges omring word, sal jy Sy vrede hê. En daardie stabiliserende vrede sal jou versterk.

Jesus het gesê dat Hy jou nooit sal verlaat of begewe nie en ons lees in **Jes. 41: 10: Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.** Ek wil jou in hierdie dae aanmoedig om moed te skep, om jou volle vertroue in die Here te plaas en nie toe te laat dat vrees jou verteer nie. Vader God is getrou en Hy is ons skuilplek en ons krag. Hy is jou Rots en jou Verlossing, Hy is jou verdediging daarom sal jy nie wankel nie (Ps.62:2). Hou jou oë op die wolke, want die Here Jesus kom spoedig!

Ons dank ons Here vir julle en jul liefde, gebede en ondersteuning op elke manier, wat dit vir ons moontlik maak om so veel kosbare siele as wat ons kan vir Jesus te bereik in hierdie laaste dae.

Mag die Here julle seën en julle bewaar en Sy aangesig oor julle laat skyn en Sy vrede aan julle gee.

Baie liefde groete,

Dr James

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

DIE BLYDSKAP VAN DIE HERE SAL JOU DIE KRAG GEE

Jesus het vir een doel en een opdrag aarde toe gekom: om die mensdom te verlos. Toe Hy 2000 jaar gelede in die graf begrawe is, het Hy jou naam op die palm van Sy hand geskryf. Hy het jou geken voor jy in jou moeder se skoot gevorm is, en het Hy jou reeds gekies. Ek kan nie vir jou sê dat ek alles verstaan nie, maar ek kan vir jou sê dat ek daaroor bly is!

Toe Jesus op die aarde was vertel die Skrif ons dat vir die vreugde wat voor Hom was, Hy die kruis verduur het. Hy het nie gefokus op waardeur Hy gegaan het nie. Hy het nie gefokus op die beskuldigings, houe en verraad nie. Sy fokus was op my en jou. Hy het gefokus op die vreugde van ons verlossing! Jesus was opgewonde om na ons te kom, en ons moet opgewonde wees dat ons nou na Hom gaan. Sien jy, blydskap is 'n geestelike mag. Dit kan slegs verkry word deur die Vader te ken. Blydskap is nie iets wat jy kry wanneer dinge goed gaan nie. Dit is iets wat jou stabiel hou ongeag wat rondom jou aangaan. Jesus het deur die kruis in blydskap ingetap en Hy sê vir ons dat ons ook in blydskap moet intap deur die beproewings en toetse wat ons in die gesig staar.

Open vandag jou hart en ontvang die blydskap wat God vir jou het. Fokus op die feit dat Hy jou in die palm van Sy hand het. Vertrou dat Hy alles vir jou ten goede uitwerk. Staan stil by die waarheid dat as God aan jou kant is, daar geen vyand is wat teen jou kan staan nie!

As jy oor hierdie dinge mediteer en ander beloftes wat jy in die Woord kry, sal geloof kom. Hoop sal kom. Dit sal vir jou makliker wees om jou sorge op Hom te plaas omdat jy Hom vertrou. Voordat jy dit besef sal jy daardie bonatuurlike blydskap in jou hart voel opwel en jou krag gee! Jy sal 'n houding hê wat sê: "Ek weet nie waarom ek in hierdie moeilike situasie is nie; ek weet nie wat gaan gebeur nie, ek het net geloof! Ek weet nie waarom, maar ek glo net dat God my hieruit sal kry!" Ander mense sal wonder waarom jy 'n glimlag op jou gesig het en 'n huppel in jou stap, maar jy sal weet dit is omdat Sy blydskap jou die krag, wat jy nodig het gee om verby die uitdagings te kom en die oorwinning vas te gryp wat God vir jou in stoor het!

"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het ..." (Heb. 12:1-2). ●

Ons God van wonderwerke……Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek wil graag ‘n getuienis met julle deel.

Op 13/03/2010 (12h00), het my seun, Hendrik, vir Secunda O/16 rugby gespeel teen Volksrus. ’n Paar minute voor die einde van die wedstryd het hy die bal gekry en was naby die doellyn. Hy het probeer oorgaan maar was net kort van die lyn. Hy het af gegaan grond toe met die bal en wou die bal terug druk na sy span se kant toe, toe daar ‘n los skrum oor hom gevorm is. In die proses is sy bene op getel en oor sy kop gedruk. Die los skrum het in mekaar getuimel bo-op hom en hy het seer gekry.

Nadat die kinders op gestaan het van die los skrum, het my seun bly lê op ‘n baie snaakse manier. Ek was op daardie stadium vlagman en die insident het ‘n paar meter voor my gebeur. Ek was eerste by hom en hy het net gesê hy het geen gevoel in sy bene nie. Die paramedici (wat puik was) het hom gehelp en hy is op ‘n draagbaar van die veld af en in die ambulans gelaai.

Ek moet nou net byvoeg dat terwyl die paramedici my seun gehelp het, het ‘n klomp van ons om hom begin bid. Sy span maats het ‘n kring gemaak en begin bid want die medici het gesê die besering lyk baie ernstig.

By die hospitaal is daar x-strale van hom geneem. Die dame wat die x-strale geneem het, asook die dokter by ongevalle het bevestig dat my seun se T7 werwel in sy rug gebreek is. Die dokter het die x-straalplate voor my oop gelê en dit vir my gewys en gesê hulle sal eers na 6 weke kan bepaal of my seun ooit weer sal kan loop en of hulle sal moet opereer. Ek het langs die dokter gestaan en vir hom gesê ek sien en hoor wat hy vir my sê, maar ek is jammer, ek aanvaar dit nie want my GOD is groter as dit (ook maar net pa). Ek het daar outoriteit gevat en begin bid oor my seun se liggaam. Ons het ons pastoor gebel asook lede van my sel groep om saam te bid. Daar is gebedsversoeke uit gestuur na ander mense.

My seun is in die ambulans gelaai en na Unitas hospitaal in Pretoria geneem. Voor hy in die ambulans gelaai is 18h00, het ek vir hom gevra om sy bene te beweeg. Hy het probeer maar vir my gesê hy kan nie. Sy lyf, van sy ribbes af, was verlam en hy kan nie sy bene voel nie. Sy tone het ‘n klein bietjie beweeg maar ek het hom niks gesê nie. By Unitas hospitaal (20h00), voor hy uit die ambulans gehaal is, het ek hom weer gevra om sy voete te beweeg en weereens het hy vir my gesê hy kan nie. Sy voete het begin beweeg. Ek het nog steeds niks gesê nie.

Die trauma dokter by Unitas het na die plate gekyk en weer bevestig dat die T7 werwel gebreek is. Hy is in die hoë sorg eenheid gesit. Die dokter het hom kom sien ongeveer 21h00 en gesê hy sal my seun in die tonnel sit die volgende dag (Sondag) om te bepaal hoeveel skade daar aan die rug werwel en rug murg is. Omtrent 23h00 sê my seun vir my ek moet asb. kyk daar is miere op sy bene. Ek het besef daar is iets besig om te gebeur .

Die volgende dag 12h00 (24 uur na die insident) is hy in die tonnel in gestoot en na ‘n uur het die dokter uit gekom en gesê hy verstaan nie. Hulle kan geen breek optel op die plate nie en vermoed dat hy net erge spasmas in sy rug het. Maandag is my seun na ‘n saal oor geplaas en die lewe het soveel terug gekeer dat hy met hulp kon opstaan om badkamer toe te kan gaan. Dinsdag is hy ontslaan en is met die rolstoel tot by die deur van die hospitaal gevat. Daar het hy gesê GOD het hom genees en hy wil self uit stap uit die hospitaal uit. Hy het uit die rolstoel op gestaan en met ondersteuning self kar toe gestap.

Nog was dit nie die einde van GOD se genade nie. Die Sondag wat my seun in die hospitaal was, het Beeld koerant van die insident gehoor en wou daaroor verslag doen. Die middag het die dame gebel om te hoor of sy ons kan kom sien by die hospitaal. My vrou het vir haar gesê wat die uitslag van die tonnel toetse was en sy wou nog steeds daaroor verslag doen. Die berig het die Maandag op Beeld (15/03/10) se voorblad verskyn.

Die Woensdag wat ons by die huis gekom het, het my seun sy rugby skoene gevat en die veters geknoop, teen die muur op gehang en gesê hy is klaar met rugby speel maar nog nie klaar met rugby nie. ‘n Uur daarna het Andre Watson ons gebel en gesê hy het die berig in die koerant gesien en wou net weet hoe dit met my seun gaan. Andre en my seun het gepraat en my seun het vir my die foon gegee sodat ek met Andre kon praat. Andre het vir my gesê as dit reg met ons is en my seun is beter, wil hy hê dat my seun ‘n skeidsregter moet word.

My seun het in Januarie 2013 gekwalifiseer as graad 2 senior reserwe skeidsregter. Vandat my seun weer op sy eie kon beweeg, het hy by kerke, sel groepe, langs die rugby veld, ens. gaan getuig oor dit wat GOD in sy lewe vir hom gedoen het. Ek en my vrou getuig oral waar ons kom.

Nog nooit voor die insident het ek GOD se genade so beleef nie, en die dag wat dit gebeur het, het ek besef hoeveel mag daar in opregte gebed is. Ek het ook besef dat ons as GOD se kinders moet outoriteit vat in Jesus se naam en moet sterk staan . Ons gee Satan te veel eer deur te sê “die duiwel is weer los” of iets dergeliks. GOD soek soldate vir HOM en nie jammer Jannies nie. Laat ander saam met jou bid want GOD sê uitdruklik waar 2 of meer saam in gebed is, daar is Ek.

Ek het ‘n gesegde en staan vas daarop. “Ons moet ophou om vir GOD te vertel hoe groot ons probleem is maar vir ons probleem vertel hoe groot ons GOD is”

Johan Blignaut

Ek wil julle net bedank vir julle gebede. Ek het verlede week gevra om vir my te bid vir my seun met die drank probleme. Hy is verlos van drank en is rustig! Ons gee die Here al die eer en lof!! Prys Sy Naam! Baie dankie

Mnr T van Rooyen, Sasolburg